**Hulp dokumente om makliker te werk.**
**Documents to assist and explain procedures.**

# Groot byeenkoms wenke

Daar is verskeie opsies wat gebruik kan word op groot byeenkomste te hanteer.

Dit word gewoonlik gedoen as die program vining is en groot hoeveelhede invoer benodig word wat druk plaas op die persoon wat die inlees van uitslae hanteer.

Dit is ook die geval waar daar nie vooraf atleet name beskikbaar is nie en al die name moet tydens die byeenkoms ingevoer word.

**Opsie 1:**

Maak gebruik van die network opsie en dan kan 2 of meer persone invoere doen vanaf verskillende rekenaars sonder om ‘n spesefieke werksverdeling te doen. (Sien die ***Netwerk gesamenlike toevoer*** dokument hiervoor.)

**Opsie 2:**

Doen alle voorbereidings op 1 rekenaar. As alles voltooi is, maak ‘n rugsteun (Aktiveer).

Kopieer die finale rugsteun na ‘n tweede rekenaar vir terugplasing. Alles is dan gedupliseer op albei.

Tydens die byeenkoms word alle toevoere vir seuns dan op die een rekenaar gedoen en die vir dogters op die ander rekenaar.

Vir gesamentlike punte word aan die einde van die byeenkoms dan die punte bymekaar getel.

Hierdie kan verder onderverdeel word na 4 rekenaars deur in elke geslag verder te kanaliseer vir juniors en seniors.

**Ooreenkomstes:**

1 Indien name tydens die byeenkoms ingesleutel moet word, kom ooreen dat slegs voorletters gebruik sal word en nie ‘n volle naam nie.

2 Kom ooreen dat slegs atlete wat onder die eerste 3 (of 4 of 5….) ingesleutel sal word. Die syfer is afhanklik van die aantal plekke wat plekpunte verdien op die byeenkoms.

**Sarel Bekker – 083 734-7079**
**sbekker@bsport.co.za**